# SCIËNTOLOGIE

Waar Sciëntologie die afgelope tyd soveel reaksie uitlok, is dit nodig om 'n bietjie na te gaan wat hierdie veelbesproke rigting eintlik is en wat dit nastreef. Dit is egter nie 'n baie eenvoudige taak nie — 'n sekere skrywer het op 'n keer gesê dat dit eenvoudiger is om twaalf lewendige palings in 'n geskenkpakkie op te maak as om 'n definisie van wat Sciëntologie werklik is te gee.

## A. *DIE GESKIEDENIS VAN SCIËNTOLOGIE.*

Sciëntologie is wesenlik die geestesproduk van één man — Lafayette Ronald Hubbard. Feitlik by alle geskrifte wat deur Sciëntologie-organisasies verkoop word, verskyn sy naam as outeur. In 'n advertensielys van 33 geskrifte verskyn by 28 die naam van Hubard terwyl by die res daar geen skrywer vermeld word nie.

Afgesien daarvan dat Sciëntologie-organisasies soms ook deur die naam „Church of Scientology" aangedui word, word dit meesal deur die naam „Hubbard Scientology Organisation" aangedui. So word dit ook gedoen in die Johannesburgse Telefoongids.

Hierdie één man — in hulle tydskrifte en pamflette gewoonlik net „Ron" genoem — beheer skynbaar die hele organisasie. Wat hy sê is wet onder sy volgelinge. Groot foto's van hom hang in elke kantoor met 'n briewebussie daarby met dié woorde daarop: „You can always communicate with Ron."

Wie is hierdie Hubbard en wat is sy geskiedenis?

Hy is in Tilden, Nebraska in die V.S.A. gebore op 13 Maart 1911. Skynbaar het hy in sy leeftyd heelwat gereis, o.a. in die Ooste saam met sy vader as vlootoffisier. Daar het hy ook 'n intensiewe studie van die Bhoeddisme gemaak.[1] Hy maak ook aanspraak daarop dat hy 'n kernfisikus is maar is dit baie beslis nie. Hy het wel in die jare 1930-1932 aan die George Washington Universiteit gestudeer maar geen graad behaal nie. Die doktorsgraad wat hy homself toegeëien het, is deur die Sequoia Universiteit uitgereik — „a degree mill of the most basic kind offering fancy bits of paper to all-comers for reasonable sums."[2]

Hubbard was 'n geruime tyd 'n suksesvolle skrywer van „science-fiction" boeke. Van sy eerste pasiënte was dan ook 'n redakteur van sodanige „science-fiction" blad, 'n sekere Campbell.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was hy vlootoffisier en is hy baie ernstig verwond. Volgens sy eie verhaal was hy op 'n keer onder operasie agt minute lank dood verklaar. Tydens hierdie agt minute het hy 'n geweldige boodskap ontvang. Na sy herstel het hy hierdie boodskap neergeskryf in die boek *Excalibur.* Hierdie boek is geskryf

in 'n suiwer „science-fiction" styl. Hy kon egter geen uitgewer daarvoor vind nie. Jare later is hierdie boek gedruk en soos volg geadverteer:

„ . . . When four of the first fifteen people who read it went insane, Mr. Hubbard withdrew it and placed it in a vault . . . Released only on sworn statement not to permit others to read it . . . Gold bound and locked. Signed by author . . . Per copy $1.500.00."[3]

Een hoofstuk van *Excalibur* het hy verwerk in 'n boek *Dianetics, the Modern Science of Mental Health* waarvan die eerste uitgawe in Mei 1950 verskyn het. Hierdie boek het dadelik 'n voorste verkoper geword sodat die sewende druk reeds in September 1951 verskyn het. Algou was die praktyk van *auditing* algemeen veral onder studente wat hierdie nuwe „terapie" op mekaar getoets het. Ook in Hollywood is die nuwe gier ywerig nagevolg.

Maar hierdie nuwe „wetenskap" — Hubbard noem dit „an organized science of thought built on definite axioms" is deur geen wetenskaplike van naam ooit aanvaar nie. Self beweer die organisasie in 'n pamflet[4] dat die ontdekkinge van Hubbard sedert *1931* nie aanvaar is vir gebruik deur die Mediese en Psigiatriese Verenigings van Amerika nie. Daarom moes dit gepubliseer word en moes daar organisasies om hierdie „tegnologie" teen misbruik te vrywaar gevorm word.

'n Ander siening op die ontstaan van die Hubbard-organisasie word gegee in 'n artikel deur dr. Evans[5]. Hy verhaal dat in die laat veertigerjare 'n groep „science-fiction"-skrywers in New York 'n bespreking gevoer het oor die behoefte aan 'n nuwe godsdiens. Hulle het gemeen dat die nuwe godsdiens veral uit twee sfere opgebou moes word nl. die reeds genoemde „science fiction" en die psigo-analise.

Alhoewel die verhaal, aldus dr. Evans, nie altyd presies dieselfde vertel word nie, word die naam van één man altyd genoem, nl. L. Ron Hubbard. In elk geval was hy die enigste wat aan die totstandkoming van die nuwe godsdiens iets gedoen het.

## B. *HUBBARD SE AANSPRAKE.*

Die aansprake van Hubbard is inderdaad legio. Om mee te begin haal ons eers 'n aantal van sy aansprake soos dit in 'n tydskrif in S.A. reeds in 1960 verskyn het aan:—[6]

1. This new Science, called Scientology is the result of millions of dollars of research into the character of the human mind.
2. Developed over a period of 30 years by Dr. Hubbard, who was educated in the higher mathematics of nuclear physics and in the work of Freud and others, Scientology is today the only successfully validated psycho-therapy in the world, according to its practitioners. Tens of thousands of completely documented cases exist in the files of The Hubbard Association of Scientologists International.

3. The first science of mind to prove conclusively that physical illness can stem from mental disturbance, a fact which Freud held only as a theory, and only seldom demonstrated.
4. The first science to contain exact technology to routinely alleviate physical illnesses with complete predictable success.
5. The first mental science to subject itself to the most severe tests.
6. The first science to prove that I.Q. and intelligence can be improved and are not inherent in a person.
7. The first science to isolate the life unit that perceives and generates energy, a discovery comparable to the isolation of the nucleus in atomic physics.
8. The first axiomatic construction of the basic laws of thought and behaviour in Man.
9. The first science to determine accurately the honesty and potential character of people by invariable instrument means.
10. The first science to put the cost of psycho-therappy within the range of any person's pocket book.
11. The first science to establish a new state or condition for man which exceeds earlier concepts of man's potential.
12. The first science to make whole classes of backward children averagely bright using only drills the teacher can do a few minutes each day.
13. The first science to determine the basic cause of disease.
14. The first science to discover and isolate the reactive and subconscious mind.

In 'n boek[7] sê Hubbard: „No such knowledge has ever before existed . . . This book is a summation, if brief, of the results of 50,000 years of thinking men." Elders[8] sê hy „After endless millenia of ignorance about himself, his mind and the Universe, a breakthrough has been made for Man." En verder[9] „Our aims are simple if great. And we will succeed and are succeeding at each new revolution of the earth."

Op die stofomslag van Dianetics, the Original Thesis, soos ook in ander geskrifte, sê hy: „Dianetics was the bolt from the blue. Man was hacking and sawing and shocking and injecting and moralizing and counselling and hanging and jailing men with enthusiasm, without any idea at all what caused Man to behave as he did or what made him sick or well. The answer was, and still is, Dianetics."

Met die verloop van jare het Hubbard se aansprake nie juis matiger geword nie. In 'n onlangse artikel[10] sê hy o.a. die volgende:—

„But the truth is that Scientology is far more precious than gold . . . During this period we have our chance to end going down, down to illness and perpetual death and swing up to the sun . . .

„Anything religious teachers said or Buddha promised, even the *visions of Christianity*, are all attained in Scientology as RESULT . . .

„No one could ever do the job before at all. We're doing it."

In 'n advertensiepamflet[11] vind ons o.a. die volgende: „We're playing for blood. The stake is Earth. If we don't make it nobody will. We're the sole agency in existence today that can foretell the erasure of all civilization or bring a new better one. If we aren't willing to be hanged for our mistakes we'll surely fry for them."

In nog 'n pamflet[12] beweer Hubbard: „We do more good in any ten minutes of this planet's time than the combined efforts of all social ministries on earth to better mankind . . . totally hopeless and fatal not to be a Scientologist . . . and they have one chance of personal immortality."

Hierdie soort aanhalings kan vertienvoudig word uit al die boeke, pamflette en tydskrifte wat deur Hubbard en sy organisasie uitgegee word. Telkens blyk daaruit hoe ontsettend aanmatigend Hubbard is as hy sy organisasie en die „wetenskap" van Sciëntologie voorhou as die enigste verlossingsweg. Die voorhou van allerhande skyn-wetenskaplike metodes herinner sterk aan die verbeeldingsvlugte van die sg. „science-fiction."

## C. *WAT IS SCIËNTOLOGIE?*

Aanvanklik het Hubbard gepraat en geskryf oor *Dianetics*. So was daar in die V.S.A. die *Dianetic Foundation* en wel te Wichita. Hierdie organisasie het egter in 1952 bankrot gegaan. Daarna het Hubbard met hoofkwartiere te Phoenix in Arizona die Hubbard Association of Scientologists tot stand gebring. So het die naam *Scientology* dan ook in die plek van *Dianetics* gekom.[13]

Wat wil Hubbard egter sê met Sciëntologie? Alhoewel hy na bewering meer as 10 miljoen woorde daaroor geskryf het, bly hy vaag en soms teenstrydig in sy bewerings. Wat hier volg is 'n kort samevatting uit 'n boekie van Hubbard wat deur die organisasie self as goeie inleiding aanbeveel word.[14]

### *Die Naam.*

Die naam *Sciëntologie*, sê Hubbard, is afkomstig van die Latynse *scio* „knowing in the fullest meaning" en die Griekse *logos* „to study." „Scientology, used by the trained and untrained person, improves the health, intelligence, ability, behaviour, skill and appearance of people. It is a precise and exact science, designed for an age of exact sciences."[15]

### *„Basiese Prinsipes."*

Net soos Ingenieurswese, sê Hubbard, het Sciëntologie sekere basiese prinsipes. As eerste hiervan onderskei hy dan die *Siklus van Aksie.*[16] Gewoonlik word die siklus verstaan as *creation-survival-destruction*. Dit is egter slegs skynbaar so, dit is slegs „an apparency." Die werklikheid in die siklus van aksie is net een saak nl. *skepping*.

Dit pas hy dan toe:— 'n Man het 'n werk. Elke dag is hy by sy werk. Elke dag skep hy dus die werk, deur die maande en jare. Solank as wat hy die werk *maak* bestaan die werk. Maar op 'n dag word hy afhanklik van die werk en aanvaar die werk as vanselfsprekend. Hy *skep* nie meer die werk nie. Dit bestaan dus nie meer nie en hy het dus ook nie meer die werk nie. Die *skynbare* is dat hy lui geword het en daarom ontslaan is. Die *werklikheid* is dat hy nie meer 'n werk *geskep* het nie en daarom nie meer een gehad het nie.

Só wil hy verduidelik met meer onverstaanbare voorbeelde:— 'n Sekere man is afhanklik van 'n vrou om sy huis vir hom te hou. Op 'n dag het hy nie meer 'n vrou nie. Hy kan nie huishou alhoewel hy voor sy troue dit wel kon doen.

Dan praat hy aan die einde van die hoofstuk oor *Creation* en sê daarvan „Creation in this work may be thought to exclude God. We are here considering only those things which man as a spirit can manufacture or think. The subject of *who* or *what* is doing the creation does not invalidate the cycle. This is a work on the subject of the mind, not a work on the subject of the Supreme Being."[17]

Maar wat dink Hubbard van die Almagtige God? Hy skryf nie baie daaroor, maar wat hy in die volgende aanhaling sê, is skokkend:—

„For a long time some people have been cross with me for my lack of co-operation in believing in a Christian Heaven, God and Christ. I have never said I did not believe in a big Thetan, but there was something very corny about Heaven. But I imagine when we finally communicate with the beetles under the rock and free them we'll no doubt find the Creator of Heaven who, approximately 43 plus trillion years ago, designed and built the pearly gates and entrapped us all."

Dan volg daar nog 'n naskrif:—

„Good Lord, I'd hate to be guilty of that overt. But never mind — you aren't either. That guy is gone (I hope)."[18]

*Die voorwaardes van Bestaan* (Existence).

Hubbard sê daar is drie sodanige voorwaardes, nl.

1. om te wees — identiteit;
2. om te doen — aksie;
3. om te besit — havingness.

*Die Agt Stukragte* (Dynamics).[19]

Daar is agt sodanige kragte (drives, urges, impulses) wat alles in die verwarde lewe motiveer. By mense is al die stukragte nie altyd ewe sterk nie. Soms is een of 'n paar by 'n bepaalde persoon oorheersend en by 'n ander is ander stukragte meer op die voorgrond. Die verskillende stukragte is die volgende:—

1. Die stukrag van die *bestaan* as persoon.
2. Die stukrag van die *seksuele*.

3. Die stukrag van die bestaan in groepe in die samelewing.
4. Die stukrag tot die mensdom as geheel.
5. Die stukrag van die bestaan as diereryk.
6. Die stukrag van die bestaan van die heelal.
7. Die stukrag tot die bestaan as gees.
8. Die stukrag tot die bestaan as oneindige. Dit is die agtste stukrag omdat die syfer 8 horisontaal gesien (∞) die oneidige, infinitief aandui.

Die „ouere* wetenskap," Dianetika, het net stukragte 1-4 geken.

Die mens is in staat om steeds hoër stukragte te bereik. 'n Baba begin alleen by die eerste — om te bestaan as persoon, maar in die proses van opgroei is daar 'n opklimming na die ander stukragte. „The basic characteristic of the individual includes his ability to so expand into the other dynamics, but when the Seventh Dynamic is reached in its entirety one will only then discover the true Eighth Dynamic."[20]

*Die A-R-C Triangle.*

Hierdie driehoek, sê Hubbard, is „the keystone of living associations."

*Die eerste hoek — Affinity* — liefde, aangetrokkenheid en al die emosies van die hoogste tot die laagste:— kalmte, entoesiasme, konservatisme, antagonisme, woede, vrees, smart en apatie in steeds laer orde.

*Die tweede hoek — Realiteit* — dit wat ons aanvaar is realiteit.

*Die derde hoek — Communication* — dit is die belangrikste en is die oplossing van alle dinge.

Die inter-relasie van die driehoek verstaan ons bv. met die vraag:— „Het jy al ooit probeer om met 'n man wat kwaad is te praat?" Dit is opmerklik hoe 'n groot rol die begrip *kommunikasie* by Hubbard speel.

*Die Rede Waarom.*

Die lewe, sê Hubbard is 'n spel. 'n Spel bestaan uit *freedom, barriers,* en *purposes.* „This is a scientific fact, not merely an observation."[21] Hierdie drie en nog 'n vierde element *power of choice,* is die leidende beginsels van die lewe.

*Die Dele van die Mens.* (The Parts of Man).

Die individuele mens kan in drie deel verdeel word:—

1. Die Gees (*Thetan* genoem in Sciëntologie).
2. Die Siel *(mind).*
3. Die liggaam.

Oor die werk van Sciëntologie i.v.m. die menslike gees is Hubbard ontsettend aanmatigend:—

„Probably the greatest discovery of Scientology and its most forceful contribution to the knowledge of mankind has been the isolation, description and handling of the human spirit. Accomplished in July 1951,

in Phoenix, Arizona. I established along scientific rather than religious or humanitarian lines that that thing which is the person, the personality, is separable from the body and the mind at will and without causing bodily death or mental derangement."[22]

*Wat sê hulle van die Gees (Thetan).*

Die gees, so word beweer, het geen massa, golflengte of energie en ook nie tyd of lokaliteit in die ruimte nie. Verder:— „The spirit then, is not a *thing*. It is the *creator* of things."[23]. Dit bestaan al vir 74 triljoen jare.

Gewoonlik bly die sg. *thetan* in die skedel van die mens of naby die liggaam. Maar die gees kan ook naby die liggaam wees en nogtans 'n liggaam beheer, of anders heeltemal geskeie wees. Die gees van die mens kan deterioreer maar daarby sê Hubbard „but that he can at any moment return to an entirety of his ability is also factual."

*Die Siel.*

Wat die *siel* betref, lyk dit asof Hubbard siel en liggaam soms byna identifiseer. „Mental energy is simply a finer, higher level physical energy. The test of this is conclusive in that a thetan ‚mocking-up' (creating) mental image pictures and thrusting them into the body can increase the body mass, and by casting them away again can decrease the body mass. This test has actually been made and an increase of as much as 30 pounds, actually measured on scales, has been added to and subtracted from a body by creating ‚mental energy . . .' Thus the mind actually consists of spaces, energies and masses of the same order as the physical universe, if lighter and different in size and wavelength."[24]

Uit hierdie soort verbeeldingsvlugte, meen ons kan die „science-fiction" oorsprong van Sciëntologie, sowel as die invloed van Oosterse mistisisme duidelik gesien word. Dink ook aan die bewerings van Hubbard dat hy alreeds tweemaal in die hemel was, eenmaal op Venus en eenmaal oor die „Van Allen Belt" was.[25] Soos hier is dit by al sy *actual tests* — dit word uiters vaag beskryf en is dus geheel-en-al onkontroleerbaar en onwetenskaplik.

*Die liggaam.*

Die liggaam van die mens, sê Hubbard, is die terrein van die mediese dokter en die outydse psigiater en psigoloog. In die verband kom Sciëntologie egter ook met iets „heeltemal nuuts."

„Biophysics only became feasible when it was discovered in Scientology that a fixed electrical field existed surrounding a body entirely independent of, but influenceable by, the human mind."[26] Op grond van die ontdekking keur hy „skokbehandeling" ten sterkste af maar self het hy om bg. te bewys en hoe die elektriese veld verander onder verskillende emosies en ervaringe 'n *electrometer* daargestel.

'n Foto van hierdie sg. E-meter het op die voorblad van die Farmer's Weekly van 18/1/61 verskyn. Op die foto kyk die vervaardiger na 'n tamatie waarin twee elektrodes en 'n spyker ingesteek is. Volgens Hubbard is die veranderde lesing op die meter as gevolg van die spyker wat in die tamatie gesteek is, gelyk aan die angs vir die dood wat 'n mens sou voel as 'n spyker só in hom gesteek is. Daarby sê Hubbard dan „This shows that in some way a plant can think and worry about its chances of survival."

Hierdie meter is egter nie eintlik bedoel vir die emosionele spanninge van landbouprodukte nie maar om psigofisiese spanninge by die mens aan te dui. Die meter wat in die V.S.A. $98.50 kos met 'n handboek daarby, is niks anders as 'n mikro-ammeter wat 'n paar rand kos — en wat 'n spesiale kalibrering a la Hubbard het nie.[27]

*Die mens en die hiernamaals.*

Sciëntologie gee sekerheid oor die individu. Die individu is 'n gees *(thetan)* wat 'n liggaam via 'n siel beheer. Verder kan die *thetan* ruimte, energie, massa en tyd skep. Daarby kan die *thetan* sonder die dood nogtans geskei wees van die liggaam en dit tog beheer.

'n Thetan onthou nie die lewe wat hy so pas geleef het nie. 'n Persoon wat te sterwe kom keer terug na 'n planeet en verkry 'n ander liggaam, meestal van dieselfde ras as vantevore.

Uit bg. word o.a. ook seksuele drange verklaar. Dié drange kan gebore wees uit 'n vrees dat daar nie genoeg liggame vir 'n volgende lewe sal wees nie.

Na al hierdie en nog meer grenslose spekulasies waag Hubbard dit nog om te sê:— „In past dissertations on the subject of the mind and philosophies of life there was a great deal of speculation and very little actual proof . . . We are dealing with discoveries."[28]

Nog meer aangaande Hubbard se „mensbeskouing" vind ons in die boek „Dianetics, the original Thesis." Daar sê hy o.a. die volgende:— „It will be found by experience and exhaustive research, as it has been clinically established that the basic individual is invariably responsive in all the dynamics and is essentially 'good'."[29] Verder is die mens in staat tot self-determinisme; hy het wilskrag.

Die ideaal is natuurlik volkome self-determinisme. Daar is egter „aberrations" in die mens se lewe, dinge wat hom verhinder en die dryfkrag in sy lewe verminder. Maar waar kom al die ongewenste en verkeerde in menselewens dan vandaan? Hubbard het sy eie antwoord hierop.

Hy herlei alles wat verkeerd is, alles wat 'n mens verhinder om 'n *clear* te wees, alles wat die mens bind tot sg. *engrams*.

*Engrams.*

Hierdie *engrams* is herinneringe aan dinge wat ver in die verlede lê, dinge selfs van 'n vorige lewe, dinge tydens en voor die geboorte wat die mens antagonisties kan maak teen sy eie *survival.*

Om die gedagtegang van Hubbard i.v.m. *engrams* beter te verstaan, moet ons eers daarop wys dat Hubbard onderskei tussen die *analytical* en die *reactive mind.* Die *analytical mind* is die bewuste; dit werk foutloos soos 'n groot rekenaar. Tog kan dit die liggaam valse bevele gee en op 'n foutiewe wyse bestuur as dit valse gegewens ontvang van die onderbewuste, die *reactive mind.*

Hierdie *reactive mind* kan nie dink of onthou nie, maar tog maak dit opnames (recordings) wanneer die *analytical mind* bewusteloos of half-bewusteloos is — bv. by liggaamlike pyn of hewige emosie. Hierdie opnames is dan die sogenoemde *engrams.*

„Engrams are received into the mind forming a reactive area during moments of lowered analytical awareness of the individual . . . The engram is a packaged perceptic not available to the analytical mind but intimately connected to the physio-animal mind. . . .

„When injury or illness supplants the analytical mind producing what is commonly known as ‚unconsciousness' and when physical pain and antagonism to the survival of the organism are present, an engram is received by the individual."[30]

So 'n *engram,* so 'n „specific memory package" wat in die onderbewuste lê, verhinder een of meer van die 8 stukragte in die mens se lewe. Alle afwykings en siektes word deur hierdie *engrams* veroorsaak. Dit kan egter nie deur die persoon self, deur die eie *analytical mind* onderskei word nie.

*Engrams* kan ontstaan gedurende die lewe — veral in gevalle van siekte, ongelukke en beserings ens. maar ook tydens en voor geboorte, selfs reeds by konsepsie. Ook die ongeborene kan waarnemings maak tydens oomblikke van pyn en by geraas — bv. die bewegings van die moeder se organe of anders as vader en moeder bv. twis. Kennis van taal is vir hierdie waarnemings nie nodig nie — „The understanding of language is not necessary to reactivate an engram since the recording of the brain is so precise that the utterance of the identical words in similar tones during later prenatal periods or during birth, or immediately after birth, can and may occasion the original prenatal or any of the prenatals to become reactive, producing locks injuring the health of the infant or for that matter of the foetus."[31]

Woorde tussen man en vrou by gemeenskap wat tot konsepsie lei, gebeurtenisse tydens swangerskap en veral pogings tot aborsie, woorde en gebeure by geboorte veroorsaak velerlei sodanige *engrams.*

„The attempted abortion is the most serious aberration producer. So exact is the recording of the pre-birth human being that the reactive mind makes no errors in recognizing its enemies after birth."

Die *engrams* so ontvang veroorsaak ook siektes — bv. maagswere:—

„And in the case of ulcers, here was baby poked full of holes (Mama is having a terrible time trying to abort him so she can pretend a miscarriage, and she uses assorted household instruments . . .) and some of the holes are through and through this baby's abdomen and stomach: he will live because he is surrounded by protein and has a food supply and because the sac is like one of these puncture-proof inner tubes that seals up every hole."[33]

So word leukemie veroorsaak:—

„ . . . . at least eight cases of leukeamia have been treated successfully by dianetics. The source of leukeamia has been reported to be an engram containing the phrase 'it turns my blood to water'."[34]

Só ontstaan *engrams* tydens die geboorteproses:—

„Maintain silence in the presence of birth to save both the sanity of the mother and child . . . And the maintaining of silence does not mean a volley of 'Sh's' for those make stammerers."[35]

En só is siektetoestande veroorsaak deur handelinge by en onmiddellik na die geboorte:—

„ . . . He had asthma. It seemed that this asthma had been caused by the doctor's enthusiasm in yanking him off the table just when he was fighting for his first breath. He had conjunctivitis. That came from the eyedrops. He had sinusitis. That had come from the nose swabs used by the pretty nurse."[36]

Al sodanige engrams vorm die inhoud van die sg. *reactive mind*. Elke mens wat gebore is,het ten minste een *engram* en het daarom wel 'n *reactive mind*. Dit is aldus Hubbard geen skande om sodanige *reactive mind* te hê nie, „since it was thrust without his consent and without his knowledge upon an unconscious and helpless individual."[37] Die inhoud van 'n engram word letterlik vertolk. Daarom het die ewolusie van spraak die gevolge van engrams soveel vererger. Só gebeur dit dat die „analytical mind . . . then could become subjected to delusions and illusions which, however shadowy and unreal, must nevertheless be obeyed. By stripping the reactive mind of its past painful content the analytical mind may be placed in complete command of the organism."[38]

Hierdie verlossing van die *reactive mind* met sy *engrams* word *clearing* genoem en word deur 'n *auditor* bewerk. Die verloste word 'n *clear* genoem. Voordat iemand egter sodanige *clear* of „optimum individual" kan word, moet daar eers 'n hele reeks van „preclear grades or states of being" deurgegaan word. Op 'n *Classification Gradation and Awareness Chart of Levels and Certificates* word nie minder as 15 trappe of grade aangedui wat die staat van *clear* voorafgaan nie. Na elke graad of trap beskik die mens oor verhoogde vermoëns. Na die eerste ongegradeerde stap beskik hy bv. oor die „awareness

of truth and the way to personal freedom" en nadat die staat van clear bereik is oor die „ability to be at cause over mental matter, energy, space and time, on the 1st dynamic (survival for self)." Tans is daar, volgens die tydskrif „The Auditor" 1,559 sulke mense, sulke *optimum individuals*.[39]

*Die „Auditor" en sy rol.*

Die proses om uiteindelik 'n *clear* te word, word behartig deur *auditors*. Hulle is opgeleide persone met 'n ewe groot klassifikasie as die hierbo gemelde.

Die opleiding geskied deur die verskillende Sciëntologie-organisasies. Hoe hoër die graad van opleiding as *auditor* en hoe hoër die trap op pad na *clear*, hoe groter Sciëntologie-sentrum vereis word. In die reeds-genoemde *Classification Chart* word daar o.a. van Evening and Weekend Foundations, Scientology Orgs, Hubbard Guidance Centres, Saint Hill Manor (hulle hoofkwartiere, naby Londen) en 'n sg. Advanced Base gepraat.

*Werwing van Lede en Personeel.*

Sciëntologie-aanhangers word gewerf deur advertensieveldtogte en pamflette. Selfs in die Johannesburgse Telfoongids word dit gadverteer: „Bied u 'n nuwe lewe en die tegniek om dit te bereik." Pamflette word van huis tot huis versprei, soms met vraelyste daarby. 'n Vraelys waarin voorstelle vir hervormings ten opsigte van Sciëntologie-metodes gevra word, is 'n tyd gelede aan baie predikante gestuur. In die Volksraadsdebat is vermeld van ander vraelyste waarin vrae soos „Bekommer u u oor geld?" of „Wil u eintlik van werk verander, maar is u bang om iets nuuts aan te durf?" of „Wonder u ooit hoe op aarde u u huweliksmaat kon gekies het?"[40]

In 'n geïllustreerde pamflet, uitgegee deur die Hubbard Scientology Organization, Johannesburg word daar geadverteer:— „Get Scientology Processing . . . Scientology is here to rescue you . . . The upper and happier states are the whole of the horizon and attainment of Scientology . . . We are seeking to make a man into a higher being." Die verskillende *Grades of Release* word voorgehou as die trappe op die weg na „the incredibly high state of Clear."

Wanneer iemand op grond van sodanige advertensie belang stel is die eerste stap blykbaar die aflê van 'n soort intelligensie- en persoonlikheidstoets.

Lede van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging het hulle aan die toetse onderwerp — reeds in 1961 — en 'n insiggewende artikel oor die valse metodes en tegnieke verskyn in die blad *Psygram* van Mei 1961. Aan een van die persone, 'n dame, is gesê dat sy 'n „waardelose siel het in 'n waardelose liggaam."

Ook aan ander is sulke negatiewe rapporte gegee — bv. dat hy nie in enige werk 'n sukses sou wees nie en daarom maar met

sy huidige werk moes voortgaan. As oplossing van die probleme word daar kursusse aangebied, bv. in P.E. (Personal Efficiency).[11]

Wat sê Hubbard self van hierdie „sessions"? Verskillende vrae — skynbaar totaal sinneloos — word aanhoudend gestel. Die „pre-clear" moet bv. die vraag „Look at me, who am I" dosyne kere beantwoord. Die persoon moet hom altyd meer en meer blootlê — veral ook ten opsigte van die seksuele en ander misstappe in die verlede.

Soms vlot die ondervraging nie. Dan, sê Hubbard, is daar beslis 'n persoon wat weens selfsugtige motiewe dit verhinder, ontmoedig of verbied. So 'n persoon is so 'n gevaar dat „auditing is much too good for him; he should be shot on sight."[12]

In die hierbo aangehaalde sê Hubbard verder dat elke geval eers kwaad moet word om te herstel. „It is quite common for a pre-clear to go through a phase of desiring murder or sudden death for both parents for what they have done . . . Nevertheless the anger phase must be encouraged." Die funeste gevolge wat hierdie opsweping op die gemoed van jong en meesal neurotiese mense het, hoef geen betoog nie. Dit het dikwels al geblyk.

'n Sekere Donald Gould verhaal in 'n artikel die geskiedenis van 'n sekere Miss Henslow wat nie alleen in 'n brief haar moeder geheel-en-al gerepudiëer het as die oorsprong van al haar moeilikhede nie, maar enkele dae later ook in 'n toestand van algehele waansin weer tuisgekom het.[13] Die gedagtegang dat die sg *engrams* veral veroorsaak word deur die veelvuldige pogings tot aborsie waaraan byna alle moeders hulle skuldig sou maak speel in hierdie opsweping van die kind teen die ouer 'n groot rol. So 'n ouer word dan as „suppressive" bestempel. So 'n *suppressive* moet geheel-en-al deur die Sciëntologie-aanhanger vermy word en daar moet selfs nie onder een dak by so iemand gebly word nie. 'n Britse koerant haal ook die geval van die reeds genoemde Miss Henslow aan en beweer dan dat sy o.a. die volgende woorde moes nasê:— „I just realised how terrible my mother was. You're dead. I'm dead too. We are all dead. I love death. Kill me. Beat me. I'm going to vomit on you if you don't stop." As die skrywer van die artikel dan daarby die volgende woorde voeg, kan ons dit alleen onderskryf: „These positive suggestions of death are like a barrel of dynamite to a mentally unstable person."[14]

Volgens Hubbard moet die auditing begin by die beheer van die persoon deur die *auditor*. „The earliest stage of auditing consists in taking over control of the preclear so as to restore to the preclear more control of himself than he has had . . . The preclear is asked by the auditor to control, which is to say, start, change and stop (the anatomy of control) anything he is capable of controlling. In a very bad case this might be a very small object being pushed around on a table, being started and changed and stopped specifically and only at the auditor's command until the preclear himself realizes that he

himself can start, change and stop the object. Sometimes four or five hours spent in this exercise are very well spent on a very difficult preclear.

„The preclear is then asked to start, change and stop his own body under the auditor's specific and precise direction . . . A preclear in this procedure is walked around the room and is made to start, change the direction of and stop his body, one of these at a time, until he realizes that he can do so with ease."[45]

Omdat die doel van Sciëntologie beter self-determinisme is, verwerp Hubbard Hipnotisme, verdowingsmiddels, alkohol ens.

Verder sê Hubbard „The ability of the preclear is increased by addressing to him the process known as the Trio. These are three questions, or rather commands.

1. Look around here and tell me what you could have.
2. Look around and tell me what you would permit to remain in place.
3. Look around and tell me with what you could dispense.

„No. 1 above is used usually about ten times, then No. 2 is used five times, and No. 3 is used once . . . The end in view (met hierdie drie vrae) is to bring the preclear into a condition whereby he can possess or own whatever he sees, without further conditions, ramifications or restrictions. This is the most therapeutic of all processes, elementary as it might seem . . . and it is done until the preclear can answer questions one, two and three equally well. It should be noted at once that *twenty-five hours of use of this process* by an auditor upon a preclear brings about a very high rise in tone."[46]

In hierdie eindelose herhaling van skynbaar sinnelose vrae sien ons die afbreking van die eie persoonlikheid sodat hy 'n willose instrument van die ondervraer word. Hierin kom dit sterk ooreen met die metode van breinspoeling soos deur die Kommunisme toegepas.

Hoe onsinnig Hubbard se metodes en beskouings dikwels is, blyk ook uit die volgende aanhaling uit die voorwoord van een van sy boeke[47]:— „This volume and its systen (sic!) of Self-Analysis is intended for the reasonable stable individual. It is not meant for the severely neurotic or psychotic person and its irresponsible use by such may lead to partial insanity." Nietemin is die boek vryelik verkoop en selfs ook in Suid-Afrikaanse biblioteke verkrygbaar!

Nie alleen is die metodes van Sciëntologie vir behandeling van werklike en gewaande afwykinge geheel-en-al onwetenskaplik nie — dit is selfs ook beslis gevaarlik. Die Anderson-kommissie van die staat Victoria sê van die Hubbard Association „ . . . claims to be 'the world's largest mental health organisation.' What it really is, however, is the world's largest organisation of unqualified persons engaged in the practice of dangerous techniques which masquerade as mental therapy."[48]

Waar ons regering nou 'n kommissie van ondersoek gelas het, kan dit alleen verwelkom word. Dit is nodig dat hierdie organisasie en sy bedrywighede behoorlik ontmasker word.

## D. *SCIËNTOLOGIE IN DIE WÊRELD.*

Oor die uitbreiding van Sciëntologie is dit moeilik om presiese gegewens te verkry. Self praat hulle maklik van „miljoene lede" — maar voeg dan vaagweg by „A more accurate estimate is impossible because of rapid growth."[19]

Volgens die een uitgawe van hulle blad „The Auditor" wat tot my beskikking is, is daar „Hubbard Scientology Orgs" in die volgende lande: Engeland, Skotland, Wallis, Denemarke, Swede, Frankryk, V.S.A., Kanada, Australië, Nu-Seeland, Suid-Afrika en Rhodesië. 'n Totaal van 31 kantore in die 12 lande word aangegee. Op die reeds genoemde stofomslag word gepraat van „over 20 Central Scientology Organizations around the world and hundreds of Centres." Hoe vaag hulle oor getalle is blyk egter as hulle op die agterblad van *dieselfde* omslag sê „ . . . and there are *thousands* of Scientology Centres."

### *Hulle Hoofkwartiere — Saint Hill Manor.*

Sedert 1959 is Hubbard se hoofkwartiere geleë te Saint Hill Manor naby die dorp East Grinstead. Hier het Hubbard 6 geboue by die oorspronklike gebou opgerig vir die groot getalle studente en „pre-clears" wat hier kursusse kom neem het. In 'n ryklik-geïllustreerde brosjure „The Saint Hill Story" word daar onderaan 'n nag-foto van die vloedverligte oorspronklike gebou gesê:— „Saint Hill is a shining beacon for all to reach for in a world that is dark through ignorance and misery. In the years to come, the mainstream of humanity on Earth will travel through Saint Hill on the road to Total Freedom."

By hierdie sentrum word alle kursusse en al die grade van processing aangebied behalwe die finale *Clearing Course* wat alleen by die sg. *Advanced Base* verkry kan word.

Uit die brosjure is dit opvallend dat die organisasie soveel aantrekkingskrag het vir die jeug. Te oordele aan die talle foto's is al die studente en ook personeellede beslis jonk en selfs baie jonk.

Dr. C. Evans skryf die volgende oor Saint Hill Manor:—

„From there Mr. Hubbard ruled imperiously over a straggly but wealthy empire of ‚Hubbard Associations' in all parts of the world. And to manor have come — to the general displeasure of the town's inhabitants — a motley crew of 'students': well-heeled American women, a smattering of flowering children, and many large, smiling Australians in fawn suits, all prepared to dole out substantial sums for intensive courses in the theory and practice of Scientology."[21]

Dit is duidelik dat daar orals *buitensporige fooie* vir die kursusse gevra word. Die London Daily Mail van 22/8/66 noem die bedrag van „£380 for a single course." In 'n pamflet (Understanding, Minor

Issue 97) word die reeds genoemde E-meter vir R100 geadverteer en die *Dianetic Auditor's Course* vir R250. Hierdie kursus is nog maar die 4e op die lys van 15 en kan selfs by die Weekend Foundations geneem word. Verder word twee „Taped Lectures" van Hubbard, tesame op een band op 'n 7-duim deursnee rol geadverteer vir R25 met n' afslag van 20% aan Internasionale lede. Ook hulle boeke is baie duur. Die boekie (brosjure) *Scientology and the Bible* beslaan slegs 64 bladsye maar word geadverteer teen R1.50. Geen wonder dus dat Hubbard kastele en skepe kan bekostig nie!

*Teenstand teen Sciëntologie.*

In verskeie wêrelddele was daar teenstand. In Amerika het Hubbard reeds in 1950 in 'n debakel beland toe hy 'n jong damestudent, Sonya Bianca, as a *clear* voorgehou het aan 'n gehoor van 6,000. I.p.v. al die vermoëns en selfs bonatuurlike magte — bv. om selfs iemand se hoed op 'n hele afstand deur wilskrag af te lig — was die studente nie in staat om selfs op die eenvoudigste vrae i.v.m. haar studierigting te antwoord nie. Daar was totaal niks waarneembar van 'n besondere vermoë van geheue of waarneming nie.[52]

Intussen is Sciëntologie in verskeie Amerikaanse State verban.

Ook in die Staat Victoria, Australië is Sciëntologie na die reeds genoemde rapport van die Anderson-kommissie verban. Hierdie kommsisie het Hubbard en sy organisasie skerp veroordeel:— „However Hubbard may appear to his devoted followers, the board can form no other view than that Hubbard is a fraud and scientology fraudulent . . . Hubbard exhibits symptoms of paranoid schizophrenia of long standing with delusions of grandeur."

In Engeland is Hubbard verbied om weer die land binne te kom. So is hy dus afgesny van Saint Hill Manor. Ook is daar streng beperkings geplaas op die binnekoms van leerlinge van Sciëntologie om na Saint Hill Manor te gaan. Hierdie verbod motiveer die Engelse Regering soos volg:— „it's authoritarian principles . . . a potential menace to the personality and well-being of those so deluded as to become its followers."

Hubbard self het hom nie veel ontstel oor die Britse verbanning nie. Volgens 'n berig het hy op die tydstip ontspan op sy persoonlike jag „Royal Scotsman" van 3,300 ton by die kus van Tunisië. Volgens die berig het hy toe selfs 'n teleks aan Saint Hill gestuur „I have finished my work. Now it is up to others." Dit kan hy wel sê as daarby gesê word dat hy 'n ses-syfer rekening het by 'n Switserse Bank.[53]

Hubbard self maak hom maklik af van alle teëstand en kritiek. In 'n pamflet[54] vereenselwig hy eenvoudig die anti-sosiale persoon met die anti-sciëntoloog. Anti-sosiale persoonlikhede veroorsaak alle krisisse in die staat, maatskappy en gesin — al vorm hulle maar 20% van die maatskappy. (Die feit dat Hubbard nou reeds sy vierde vrou het, word egter gerieflikheidshalwe verswyg.)

Meermale neem Hubbard 'n dreigende houding in teenoor alle kritici. In 'n ander pamflet *Critics of Scientology* sê hy o.a. die volgende:— „The criminal abhors daylight and we are the daylight.

„Every time we have investigated the background of a critic of Scientology we have found crimes for which that person or group could be imprisoned under existing law.

„We do not find critics of Scientology who do not have criminal pasts."

En dan dreig hy verder:— „We will become interested in the crimes of people who seek to stop us. If you oppose Scientology we will look up and promptly expose your crimes . . . those who make life hard for us are at once at risk. We are only interested in doing our job and we are only interested in the crimes of those who try to prevent us from doing our work."

Elders het Hubbard geskryf:— „When politicians call for the condemnation of Scientology, we find crime, embezzlement of funds, moral lapses, thirst for young boys and other sordid things."[55]

Na die verbanning van Sciëntologie uit Victoria kan Hubbard haas nie beledigend genoeg wees teenoor die Anderson-verslag nie. Hy sê:— „only a society founded by criminals could come to such a conclusion . . . the first settlers of Victoria consisted of the riff-raff of London slums, robbers, murderers, prostitutes and thieves . . . The whole background of Victoria presents a picture of brutality in both it's administrators and those they sought to administer. The keynote was not justice but repression."[56]

Het Sciëntologie 'n band met die *Kommunisme?* Self wil hulle (in Suid-Afrika altans) daarop wys dat Sciëntologie vanuit dieselfde oorde as die Republiek aangeval word, deur dieselfde koerante ensovoorts. In die debat in die Volksraad het dr. W. L. Vosloo egter aangetoon dat die sciëntoloë wel deeglik gebruik gemaak het van die sg. „Brainwashing Manual" en dit ook as organisasie gedistribueer het. Ook is een uitgawe daarvan vertaal en die woord „Kommunisme" vervang deur „Sciëntologie."[57]

*SCIËNTOLOGIE IN SUID-AFRIKA.*

Hoelank Sciëntologie al aktief in Suid-Afrika is kan ondergetekende nie met sekerheid vasstel nie. Aan my is gemeld dat 'n sekere persoon reeds in 1956 daaraan behoort het. In die Volksraad is vermeld van bedrywighede in 1957-58 toe daar ingemeng is met die beroepsvoorligting aan 'n meisieskool.[58]) In 1960 verskyn daar in die Digest of S.A. Affairs (28/10/1960) 'n artikel oor Hubbard en sy *Operation Clear*. Hubbard was in die tyd hier woonagtig en het sy eie huis in Johannesburg gehad.

In die Sunday Times van 9/4/61 verskyn 'n artikel waarvolgens hulle adres in Johannesburg dieselfde as die huidige is, nl. 23-27 Hancockstraat.

In dié artikel is 'n goeie voorbeeld van die absurditeite waarheen hulle reïnkarnasieteorieë hulle kan voer:— „As an example he said that Dr. Verwoerd's attitude to the Black man could have been caused by Dr. Verwoerd having been a Black man in a previous life. If this is not so, he will be one in the next, just as Adolf Hitler has probably been reborn as a Jew."[59]

Soms is van die bewerings lagwekkend. 'n Sinuslyer, sê hulle, het waarskynlik in 'n vorige lewe verdrink.

Volgens die blad „The Auditor" (No. 44) het hulle *Scientology Orgs* te Johannesburg, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Pretoria asook te Bulawayo, Rhodesië.

Sciëntologie is op 31/8/65 geregistreer in S.A. as *godsdienstige organisasie* en wel onder die naam HASI — vir Hubbard Association of Scientology Organization of S.A. (Pty.) Ltd.

Op die Paasskou van 1968 het Sciëntologie 'n stalletjie gehad en o.a. ook 'n film vertoon waarin Hubbard van die beweging vertel het.

Hoeveel aanhangers van Sciëntologie is daar in S.A.? Volgens die Rand Daily Mail van 17/8/68 is dar in 1965 beweer dat daar ruim 4.000 sciëntoloë in S.A. was. In 1967 is die getal gestel op etlike duisende en vir die genoemde artikel kon die presiese getal nie vasgestel word nie. In die Volksraad is vermeld dat volgens hulle eie aanspraak die sciëntoloë ten minste 25.000 tel en dat hulle vermeerder teen 'n tempo van 20 tot 30 per dag. In 'n artikel in die tydskrif *Personality* van 5/12/68 word die getal op 5,000 gestel.

Onder die S.A. sciëntoloë (wat seker nie meer as die lg. getal van 5.000 is nie) is daar egter 'n hoë persentasie *clears*, in verhouding met ander wêrelddele. Mnr. L. F. Wood, L.V. vermeld dat *clear* Nr. 1 'n Suid-Afrikaner is of was en dat die mantel van Hubbard waarskynlik op hom (John Mcmaster) sal val.[60] In 'n berig in Dagbreek en Landstem (17/3/68) word vermeld dat 'n S.A. vrou, mevr. Jill van Staden, 23 jr. oud, die derde offisier op Hubbard se jag is. 'n Ander S.A. vrou, in haar vroeë dertigerjare, en vroeër van die Johannesburg-kantoor, is nou by Saint Hill 'n mondstuk.

Byeenkomste waarheen alle belangstellendes genooi word, word meermale geadverteer. So sou daar op 1 Maart 1969 'n byeenkoms in die Culemborg Hotel, Pretoria, gehou word. By dié sg. *Congress* sou „Ron" d.m.v. 'n bandopname die gehoor toespreek. Op die advertensiepamflet sien ons die jaartal A.D. 19 — d.w.s. 19 jaar „After Dianetics," 19 jaar na 1950, toe die eerste boek verskyn het en die beweging begin is.

Sciëntologie in Suid-Afrika rig hom ook spesifiek op die Afrikaner. James Ambrose Brown skryf[61]:— „His real mission to South Africa, I'm told, is to save the Afrikaner." Hy voeg egter dan daarby:— „I speculate by this he means that the Afrikaner (being somewhat cut off

from contemporary thought) will take longer than Europeans and Americans to find out that there is not much science in Scientology."

Inderdaad is daar al pogings aangewend om van Hubbard se geskrifte in Afrikaans te vertaal. Die geskrif wat toe wel in Afrikaans verskyn het, se Afrikaans was egter sodanig dat die vertaalde begrippe net verwarring sou wek en daarom is dit teruggetrek. Tans is alle boeke, pamflette, aanplakbiljette en tydskrifte slegs in Engels. Dit is ook waarlik onmoontlik om wat Hubbard geskryf het in Afrikaans te vertaal, veral omdat hy soveel nuwe en vreemdsoortige begrippe skep en aan bekende woorde 'n heeltemal nuwe konnotasie gee.

Skynbaar het hulle nooit pogings aangewend om die nie-blanke volksgroepe te bearbei nie. Self sê hulle dat dit ter wille van die apartheidsbeleid is, maar die vraag is wel of dit nie veel eerder nagelaat word weens die feit dat baie weinig nie-blankes Sciëntologie sal kan bekostig nie.

*Protes teen die optrede van Sciëntologie.*

Behalwe verskeie artikels, meesal in die Engelstalige koerante en tydskrifte, het verskeie organisasies reeds in Suid-Afrika beswaar gemaak teen die optrede van Sciëntologie. Ons noem die S.A. Sielkundige Vereniging (in hulle blad Psygram) en die Rational Thinkers Forum d.m.v. 'n Simposium aan die Kaapstadse Universiteit. Uit die Volksraadsdebat blyk ook dat daar meermale deur verskeie Staatsdepartemente briewe van ouers en ander ontvang is waarin om optrede teen die beweging gevra word. Volksraadslede kon getuig van gesinsontwrigting,[62] inmenging in die huwelikslewe, vervreemding tussen man en vrou. As 'n vrou 'n sciëntoloog is en haar man nie, en hy haar wil teëgaan lei dit so maklik tot egskeiding. (Hubbard sê die dinge eintlik voor as hy dit aanmoedig dat vrouens in hierdie posisie hulle mans moet beskuldig van egbreuk en dergelike. „Never discuss Scientology with a critic. Just discuss his or her crimes."[63]

Ook in Suid-Afrika het die vervolgingssug van die Hubbard-organisasie duidelik geblyk. In die koerante was in die afgelope tyd berigte oor die hofsaak tussen 'n voormalige kaptein in die Polisie en die Hubbard-organisasie. Hierdie eis het juis voortgesprut uit ondersoeke van kritici van Sciëntologie, w.o. dr. E. L. Fisher, L.V. wat reeds in 1968 'n kommissie van ondersoek aangevra het.[64] Ander kritici waarvan ek persoonlik bewus is, is gedreig met geregtelike stappe as hulle nie hulle kritiek staak nie. Nog 'n kritikus is deur 'n sciëntoloog genader en gevra om sy kritiek te staak omdat alle opponente van sciëntologie, of hulle dit weet of nie, eintlik aanhangers van kommunisme is.[65]

## F. *SCIËNTOLOGIE EN DIE CHRISTELIKE KERK.*

Soos meer strominge wil Sciëntologie voorgee dat hulle lede óók lede van die Christelike Kerk kan bly. Hulle stel dit uitdruklik in 'n omsendbrief soos volg: „Scientology is a religious philosophy that

believes that one's religious practice is the result of one's early training and conscience — thus Dutch Reformed Church members would be encouraged to support the survival of their religious practice.

„No church on earth has attacked Scientology as all who have inspected us find that we aid their purpose and survival in this godless age.[66]

Maar dan het dié godsdiens en sodanige kerke niks te doen met geloof in Jesus Christus as die Enigste Saligmaker nie!

In die plek van Christus is Sciëntologie — „Scientology is here to rescue you" — die aanhaling op die buiteblad van elkeen van Hubbard se boeke.

Dat die Christendom vir die Sciëntologie verouderd en waardeloos is, blyk uit alles wat Hubbard leer. Ons haal nog die volgende aan uit die advertensie van 'n nuwe „Auditing Course":—

„Before us people thought the brain had short circuits in it (psychologists and psychiatrists) or that a beast called a Censor lived in a dungeon in it (Freud), *or that evil spirits haunted one (Christianity).* The answer was and still is Dianetics.[67]

By bogenoemde moet ook vermeld word dat die Sciëntologie homself in soveel woorde as religie aandien. Op die teenblad van die titelblad van die geskrif „Scientology and the Bible" vind ons die volgende:—

„Scientology is a religion in the oldest sense of the word, a study of wisdom. Scientology is a study of man as a spirit, in his relationship to life and the physical universe."

Maar Sciëntologie is 'n godsdiens geheel sonder die Enige Waaragtige God. Hulle ken God nie, hulle spreek alleen vaagweg van 'n „Supreme Being." En dink dan ook aan die Godonteredende en lasterlike dinge deur hom gesê soos reeds aangehaal by die uiteensetting van sy sg „Basiese Prinsipes."

In die hierbo-aangehaalde brosjure „Scientology and the Bible" is daar 'n soort poging om die uitsprake van Hubbard langs die van die H. Skrif te plaas om ooreenkomste aan te toon. Dit is egter niks anders as die grofste Skrifverdraaiing nie. Om dit aan te toon noem ons slegs een kort voorbeeld (bls. 35):— Hubbard sê: The self-determined certainty carries one into high echelons."

Dit word gestel langs *Psalm 91:1:*— Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

Op bls. 30 van die geskrif lees ons nog dat Jesus, Salomo en Jesaja en miskien nog meer mense in die Skrif was „Who practised listening — auditing."

Maar — in teëstelling met die reeds aangehaalde uitspraak dat lede van kerke as Sciëntoloë nog lidmate van hulle kerk kan bly, dien Sciëntologie hom ook self onder die naam van kerk aan. Ons vind bv. die naam „Church of Scientology in S.A. (Pty.) Ltd." op hulle fakture van boekverkope. Ek meen dat dié naam betekenisvol is in meer as een opsig. Persberigte uit Australië vermeld dat sciëntoloë, met twee miljoen Australiese dollars, vasbeslote is om hulle aktiwiteite in die staat Victoria te hervestig en wel in die vorm van 'n *kerk*.[68] Dit skyn asof die Hubbard-organisasie onder die naam van *kerk* aanspraak wil maak op die beskerming van godsdiensvryheid. In S.A. kan dit sekerlik verwag word dat hulle ook die weg sal wil opgaan. 'n Briefskrywer vra reeds in 'n dagblad:— „Hoe durf julle aanvoer dat 'n *geloof* ondersoek moet word."[69]

Daar is egter nog meer — Hubbard het nl. ook 'n boek uitgegee onder die titel „Ceremonies of the Founding Church of Scientology." Wat die doop in die Sciëntologie-kerk betref sê hy die volgende:—

„It is an informal scientology christening. There are no hard and fast rules to recite. The main purpose of the christening is to help get the thetan orientated. He has recently taken over his new body. He is aware that it is his and he is operating it. However, he has never been told the identity of his body. He knows there are quite a few adult bodies around, but he has not been told that there are specific ones who will care for his body until it has developed to where he can manoeuvre it thoroughly."[70]

Uit al die bogenoemde hoef dit geen betoog dat hierdie organisasie in sy wese anti-Christelik is. Dit word ook deur Sciëntologie uitgespreek — wanneer en waar dit hulle wel pas — soos gebeur in die ekwivalent van die *Brainwashing Manual* by die Sciëntologie waarin ons die volgende lees:—

„As it seems that the church is the most enobling influence, each and every branch and activity of each and every church must, one way or another, be discredited. Religion must become unfashionable. Religion must be made synonymous with neurosis and psychosis."[71]

## F. *SLOT.*

In Sciëntologie vind ons 'n gewaande supergodsdiens met die menslike gees as eie redder.

Dit is 'n godsdienstige stroming wat die Openbaring van God totaal misken en selfs nie omgee om op spottende en lasterlike wyse van die Drie-enige God van die Skrif te spreek nie. Dit is 'n godsdiens sonder Christus wat die Christelike geloof nullifiëer tot 'n oorlewering van die kinderjare.

Hierdie godsdienstige stroming wat terselfdertyd ook eksakte wetenskap wil wees en hierdie wêreld wil hervorm tot 'n volmaakte wêreld met volmaakte en volkome bevryde mense is vol verwarde denkbeelde wat herlei kan word tot die oud-Oosterse mistiek enersyds en die verbeeldingsvlugte van die moderne „science fiction" andersyds.

Dit is 'n rigting wat mense wil beïnvloed in die naam van die „wetenskap" op 'n nie alleen totaal onwetenskaplike metode en grondslag nie, maar selfs op 'n wyse wat gevaarlik is vir die mens self en beslis lei tot die omverwerping van bestaande norme en gedragskodes.

Dit doen hom voor as die enigste ware rigting van geestesgesondheid en mislei as sodanig juis diegene wat aan die rand van die samelewing staan en bring hulle so dieper in die ellende.

Dit is 'n pseudo-godsdienstige rigting wat op 'n ontsettend verwaande wyse hom regte en magte toe-eien wat géén mens toekom nie en andersdenkendes daadwerklik wil vervolg.

Daarom moet dit in sy geheel verwerp word.

Daarom kan die aankondiging van 'n kommissie van ondersoek deur die Hoë Owerheid alleen verwelkom word.

Geld die woord van II Petrus 2 nie nou meer as ooit nie?

H. A. VAN DALSEN.

*(Gelewer voor G.T.V. Pretoria en Potchefstroom.)*

*VERWYSINGS*


1. Hansard S.A. 4de Sessie 3e Parlement, kolom 1208. (Voortaan slegs aangedui as Hansard met die kolomnommer.)
2. Dr. C. Evans in 'n artikel „The cult of Scientology" in die *Rand Daily Mail* van 17/8/68.
3. Aangehaal by M. Gardner: Fads and Fallacies in the name of Science, Dover 1957, p. 273.
4. Dianetics and Scientology — a short History.
5. Evans aangehaalde artikel. So ook Frank Collins in 'n artikel in *Personality* van 5/12/68.
6. 'n Artikel onder die opskrif: Operation Clear — Answer to many baffling problems of today — in Digest of S.A. Affairs van 28/10/1960. In 'n artikel *Operation Quacketeer* maak die redakteur van *Psygram* (Nov. 1960) ernstig beswaar teen die feit dat sodanige artikel in die *Digest* verskyn het asook teen Hubbard se optrede. Hy vergelyk die praktyke van Hubbard met die van kwaksalwers en sg. kankerdokters.
7. L. Ron Hubbard: The Fundamentals of Thought, 8ste druk, 1968, p.7. (Voortaan slegs aangedui as *Fundamentals*).
8. L. Ron Hubbard: Dianetics, The Original Thesis, uitgawe 1967, p. 17. (Voortaan slegs aangedui met *Dianetics*).
9. a.w. p. 175.
10. The Value of Scientology in *The Auditor*, nr. 44. (Nuwejaarsuitgawe vir 1969).
11. Join the Staff of a Scientology Organization, uitgegee in S.A. in 1968.

12. Critics of Scientology — 'n pamflet waarin hy fulmineer teen alle kritici.
13. Gardner, a.w. p. 279-280.
14. Fundamentals of Thought.
15. a.w. p. 14.
16. a.w. p. 19 vv.
17. a.w. p. 25.
18. Aanhaling by dr. W. L. Vosloo, L.V., Hansard kolom 1213.
19. Fundamentals, hoofstuk 4 p. 36 vv.
20. a.w. p. 39.
21. a.w. p. 46.
22. a.w. p. 56.
23. a.w. p. 57.
24. a.w. p. 65.
25. Aangehaal by Hansard kolom 1212.
26. Fundamentals p. 66.
27. Hierdie gegewens in 'n artikel deur John F. W. Böhr: *Further Details about Scientology* in *Psygram* Vol. 3 No. 5, Mei 1961.
28. Fundamentals p. 73.
29. Dianetics p. 34.
30. a.w. p. 38-39.
31. a.w. p. 52.
32. a.w. p. 130.
33. Dr. W. L. Vosloo, Hansard kolom 1209.
34. ibid kolom 1210.
35. L. Ron Hubbard: Dianetics, the Modern Science of Mental Health, Hermitage, 7e druk 1951, Boek 2 Hoofstuk X p. 160.
36. a.w. Boek 2 Hoofstuk VII p. 126.
37. Dianetics p. 75.
38. Dianetics, p. 77.
39. The Auditor, No. 44.
40. Hansard kolom 1227.
41. Gegewens uit Psygram, Mei 1961, p. 97-106.
42. L. Ron Hubbard, Science of Survival, New York, 7e druk, 1951, Boek 1 p. 150-51.
43. Artikel: The Scientologist and their Critics, New Statesman van 17/3/67.
44. Newsight in London Daily Mail, 22/8/66.
45. Fundamentals p. 103-104.
46. Fundamentals p. 105. Ek kursiveer. I.v.m. die *tone* is dit miskien nodig om by te voeg dat Hubbard 'n hele *tone scale* het waarmee hy menslike vermoëns numeries van laagste tot hoogste stel.
47. L. Ron Hubbard: Self-Analysis in Dianetics, Derricke Ridgway, London, 2e druk 1953.
48. Aangehaal in reeds angehaalde artikel in „New Statesman."
49. Op die stofomslag van *Dianetics*.
50. Hier kan selfs 'n sertifikaat „Minister of the Church of Scientology" verwerf word.
51. Aangehaalde artikel in Rand Daily Mail van 17/8/68.
52. Gegewens by Gardner, a.w. p. 270-271.
53. Aangehaal in artikel in Newsweek, 26/8/68, p. 8.
54. Understanding, Issue 85
55. H. M. Timoney, L.V. Hansard kolom 1226.
56. Kangaroo Court. Die pamflet is gemerk „Not for publication" en is uitgegee te Port Elizabeth, Julie 1967.
57. Vgl. Hansard kolom 1213-1214.
58. Hansard kolom 1203.

59. Die rubriek deur James Ambrose Brown „I think Aloud," Sunday Times 9/4/1961.
60. Hansard kolom 1206.
61. In die reeds aangehaalde artikel in Sunday Times.
62. Hansard, kolom 1202-1203.
63. Aanhalings uit „Critics of Scientology."
64. Hansard kolom 1203 en berig in Die Transvaler van 8/2/69.
65. Hansard kolom 1212.
66. 'n Omsendbrief onder die opskrif „Scientology — a Religious Philosophy" wat aan baie predikante gestuur is.
67. Understanding, Issue 80 p. 9. Ek kursiveer.
68. Hansard kolom 1207.
69. Die Transvaler, 19/2/69.
70. Aangehaal uit Hansard kolom 1197.
71. Hansard kolom 1214.